4. Laat ons liefde en gebede
vir mekaar ons hegter bind.
As Hy kom, die vors van vrede,
mag Hy ons só werksaam vind.
Kom, ja kom, so roep die bruid
en die Gees verlangend uit.

Vredesgroet
Kinderkerk

Verootmoediging en skuldbelydenis: Efesiërs 2: 1-3
Lied 247

1. Heer wees ons genadig,
Christus wees genadig,
Heer wees ons genadig.

2. Kyrie eleison,
Christe eleison,
Kyrie eleison.

Genadeverkondiging: Efesiërs 2: 4-10

Apostoliese Geloofsbelydenis as toeëiening van genade

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en ’n ewige lewe.

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Gebed om opening van die Woord: Lied 442: 1-2

1. Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my -
breek die Woord vir my.

2. Gees van God wat lewend maak,
vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak,
vorm my tot u eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer -
vorm my tot u eer.

Skriflesing – Efesiërs 2: 11-22
Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Opsteek van kerse by die Christuskers
Offergawes

GOD STUUR ONS...

Slotlied 478: 1, 2, 4

1. Op vaste fondamente het God sy kerk gebou.
Apostels en profete het ons dít toevertrou:
Die Koning van die hemel herskep deur Woord en Gees
verlorenes op aarde dat hul sy volk kan wees.

2. Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam -
één in geloof en werke, één in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!

4. O Heer, skryf in ons harte dat ons dit nooit vergeet,
al pynig ons die smarte al martel ons die leed:
Die kruis van ons Verlosser sluit vergesigte oop!
In 'n verwarde wêreld bring dit weer vaste hoop!

Seëngroet

Amen - Lied 314 [x2].

Voorsang

Lied 454

1. Vader, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.
U wat heel die skepping onderhou,
U gee son en reën, ons ontvang u seën.
Heel die skepping wentel om u trou.

2. Jesus, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.
Ons is u gemeente hier tesaam.
Hoor ons as ons sing, U ons loflied bring.
Ons, u vrygekooptes, prys u Naam.

3. Trooster, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.
Heil'ge Gees, ons is met U gedoop.
U wat rig en lei, staan ons altyd by.
U versterk ons gees, U gee ons hoop.

Lied 549

Daar's vissies in die water,
kyk hoe swem hul rond;
daar's voëltjies in die lug
en daar's diere op die grond;
daar's blomme in die velde,
daar's riete in die vlei.
Wie sou dit al's gemaak het?
Die Here, ja, dis Hy!

Ned. Geref. Gemeente Pinelands

EREDIENS

22 Julie 2012

Koninkrykstyd

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin

Aanvangslied – 181 (3x)

Gee ons ware vrede, Jesus Heer.
Gee ons ware vrede, Jesus Heer.
Dona nobis pacem, Domine.
Dona nobis pacem, Domine.

Aanvangswoord (Matt 11:28-30)

V: Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.

A: Amen.

Seëngroet

Genade, sagmoedigheid en vrede van God die Vader en sy Seun Jesus Christus wat ons vanoggend uitnooi om na Hom toe te kom. Sy Gees is in ons.

Loflied – 523: 1, 2 4

1. Goddelike liefdebande
bind in Jesus mense saam,
bind uit alle wêreldlande
die verlostes in sy Naam -
één in gees, geloof en doop,
één in keuse, liefde, hoop.

2. Ja, 'n groot verloste skare
sien ons op sy roepstem kom;
groter groei dit met die jare -
alle volke huldig Hom!
Kinders by hul Vader tuis;
vreugde, oral, vul sy huis!